



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES
PRIVAATSAK X9069
KAAPSTAD
1977-1-18
PRIVATE BAG X9069
CAPE TOWN
DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

Volg No. Pm/127
(Vir amptelike gebruik)

WET OP PUBLIKASIES, 1974
PUBLIKASIE OF VOORWERP

AANSOEK OM 'N *BESLISSING/HERSIENING

Direkteur van Publikasies, Privaatsak 9069, Kaapstad, 8000.

Ek lê hierby aan u voor die publikasie of voorwerp wat hieronder beskryf word en—

*wat hierby saamaan;

*wat aan u deur

gestuur sal word,

vir ondersoek en 'n beslissing of die publikasie of voorwerp na die oordeel van 'n komitee bedoel in artikel 4 (1) van die Wet op Publikasies, 1974 ongewens is al dan nie.

1977-01-06

Aansoeker

Datum

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

A. AANSOEKER

1. Naam

Mnr. J. J. D. Moller

2. Telefoon No.

3. Beroep

4. Aard van besigheid

5. Woon- of besigheidsadres

Ourwelleweg 51
Grosvenor
Bluff
Durban
4000

6. Posadres

B. PUBLIKASIE OF VOORWERP

7. Naam en/of beskrywing

Magersfontein, O.
Magersfontein!

8. Onderwerp

9. Skrywer of voortbringer Etienne de Roux de Roux	10. Uitgewer en sy adres Human E Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk. - Kaapstad	11. Jaar en No. van uitgawe 1976 ISBN. 07981 0696
--	--	---

12. Indien dit nie doenlik is om die publikasie of voorwerp voor te lê' nie (bv. in die geval van 'n standbeeld), meld dan hieronder die *plek* waar die publikasie of voorwerp deur 'n komitee ondersoek kan word.

.....

C. VORIGE BESLISSING (vul in slegs in die geval van 'n aansoek om *herstelling*)

13. Bogenoemde publikasie of voorwerp is by 'n vorige geleentheid—

- *kragtens die Wet op Publikasies, 1974 deur 'n komitee ongewens bevind;
- *kragtens die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 deur die Raad van Beheer oor Publikasies ongewens bevind;
- *kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 deur die Raad van Beheer oor Publikasies onbetaamlik of onwelveoglik of aanstootlik bevind.

Opmerking: Indien bekend, vermeld hieronder die nommer en datum van die *Staatskoerant* waarin die beslissing hierbo bekend gemaak is.

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

D. BEDRAG INGESLUIT R.....

Opmerking:

(a) Die bedrag betaalbaar is

Ten opsigte van 'n aansoek om 'n	
beslissing	herstelling
R	R
1,00	5,00
5,00	25,00


- (i) in die geval van 'n tekening, prent, illustrasie, skildery, houtsnede of dergelike voorstelling, afdruk, foto, gravure of litografie, figuur, afgietsel, snywerk, standbeeld of model.....
- (ii) in die geval van 'n ander publikasie of voorwerp, bv. 'n boek, tydskrif, ens.

(b) In die geval van 'n aansoek om 'n *beslissing* is die bedrae slegs betaalbaar indien die aansoeker die voortbringer of verspreider van die publikasie of voorwerp is.

(c) In die geval van 'n aansoek om 'n *herstelling* is die bedrae deur elke aansoeker betaalbaar.

Na samespreking

Geen Appel


 27.01.31
 DIREKTEUR VAN PUBLIKASIES
 DIRECTOR OF PUBLICATIONS

E. VIR AMPTELIKE GEBRUIK

14. Verwys na— voorsitter van komitee op.....	Paraaf.....
--	-------------

15. VERSLAG DEUR VOORSITTER VAN KOMITEE

Die Komitee het die publikasie of voorwerp ondersoek en soos volg bevind: Ernstige en belangrike literatuur: "n surrealistiese samestelling van die werklikheid in terme van verled hede", sê die roman self. Die verlede: die Slag van Magersfontein, 11/12/1899; die hede: die verfilming van, die rekonstruksie van die slag êrens in die 70^{er} jare. D resultaat is n grillige opeenvolging van soms bisarre en groteske, soms vulgêre episodes, met hede en verlede steeds in n soort kontrapuntale verhouding, met as slot n ontstellende profeties-simboliese gebeure. Dit alles gepeerspektiveer, van onmiddellikheid "gespeen" deur die sg. "double vision" van die satirikus wat gegewens tegelyk skematieser en skerper laat vertoon. Die sekspisodes, wat origins geen eksplisiete of uitvoerige beskrywings bevat nie, word hierdeur volkome skadeloos want basies potsierlik gemaak; die platvloerse taal (bv. 22) is betreklik skaars en boonop funksioneel, duidelik geen deel van n volgehoue opset of skoktegniek nie. Die naam van die Opperwese word deur net een persoon herhaalde gebruik, met name deur die histêriese, deur drank- en dwelmmiddels benewelde Marigold Rosemary, en ook dit word funksioneel gemotiveer. Die roman bied, ten spyte van sydelingse, terloopse verwysings na die rasseproblematiek, geen probleme t.o.v. sub-artikels (c),(d) en (e) van ~~die~~ Art. 47 (2) nie. Die Komitee besluit dan ook eanparig tot deurlating van hierdie belangrike roman. (Uitvoerige lesersverslae deur al drie die Komiteeleders word aangeheg).

16. BESLISSING

Die komitee beslis dat die publikasie of voorwerp—

*nie ongewens is nie;

*binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet op Publikasies, 1974 ongewens is.

van

John Selby
 Voorsitter van Komitee

28/11/77
 Datum

*Haal deur wat nie van toepassing is nie.

	Paraaf
17. Die aansoeker en die Kontroleur van Doane en Aksyns, Kaapstad is op 1977-02-08 op vorm DP 1A van die beslissing van die komitee verwittig	4
18. Daar is soos volg oor die publikasie of voorwerp beskik— <i>Terug aan Sender.</i>	4
19. Die beslissing van die komitee is in Staatskoerant 5810 van 25 November 1977 by Goewermentskennisgewing 2450 van 25 November 1977 in lys P-7/87 bekend gemaak.	NA

*Haal deur wat nie van toepassing is nie.

Die storie: 'n Verfilmingseenheid trek saam by die Crown and Royal Hotel, historiese verbode aan die Britse ontsettingsleër (1898) om die slag van Megersfontein, waertydens die Skotse generaal Andrew Wauchope en 'n groot aantal Skotse Hooglanders gesneuwel het, in moderne idioom filmies te verwerk. Onder die projeklede is daar 'n "kruisbestuifde" menigte, 'n mikrokosmos van die moderne onwortelde mensdom. Belangrikste in die rangorde is: die Lords Sudden en Seldom, 'n homoseksuele paar uit die Britse edelstand, Amicus Achtung, skakelbeampte wat die Lords op Kimberley lughawe verwelkom het, Hans Winterbach, hoof van die kamere-afdeling, Mr. Shipmaster, logistikus, dr. Fyella Amakeia-Laird, historikus en vergesel deur haar Grieks-Kretense minnaar, Aristophanes Pompidou, chauffeur, Oxford G. von Waltzleben, teksskrywer, Lady Jubilance, Kaapse kultuurvrou wat een van die motors in die stoet finansier, suster Florence J. Fiskaal, een bewind van gesondheid. Hierdie persone ry in verskeie voertuie aan die hoof van 'n stoet op soek na die hotel wat aanvanklik verwar word met die historiese hotel by Matjiesfontein, etlike honderde myle weg. Hulle word gevolg deur ander voertuie met hoogwaardigheidsbekleders, binnelands en buitelands w.o. ook 'n aantal L.U.K.s en ander projekgangers te wete starlets, skoonheidskoninginne, akteurs en aktrises buitelands en binnelands. Op weg sluit by die stoet aan die speed cop Le Grange wat die geleentheid sien om hom ten volle as speed cop uit te leef by die projek en ook Gert Gerries, rondvarende Kleurling met sy fiets, op die agterste rakkie waarvan hy die lyk van sy hoerkindjie het wat hy nie kon begrawe nie omdat hy weens amptelike verwarring nog nie 'n doodsertifikaat kon verkry nie. Nog 'n saenhanger is Rosemary Merigold, vriendin van Oxford G. Waltzleben, dwelmiddel-gebruiker en aspirant satanaanbidder op soek na haar "ontwykende sieletjie."

Die tema van die projek word deur die verskeie projekleiers soos volg gesien: Amicus Achtung (dogmaties van aard, geneig tot oorvereenvoudiging, ingestel op redelike analise): Die slag van Megersfontein moet gesien word as "'n tragi-komiese kosmiese konfrontasie waar bloed in die suiderland gevloei het om weereens te bewys dat "Hieronymo's mad againe".

Lord Sudden (bysierende, trouens byne blind): "Sal dit die geloian wees, die spottende kritiese lag van die satiriese rede? Of die spoudaion, die didaktiese en morele funksie van die rede?"

Lord Seldom (hardhorend): "Megersfontein is 'n spel in die ironie waar die absurde en die satiriese en die groteske en die komedie en die vulgêre saamgevat is in die prose van hierdie prosaïse landskap." Hy sien die gebeure eerder as stof vir 'n prosawerk.

Hans Winterbach (mondstuk van Etienne Leroux): "Alles sal plaasvind binne die raamwerk van Lords Sudden en Seldom en die verskeie provinsiale owerhede." Hy (Hans) durf nie vir homself die geslepenheid in sy samestelling erken as sy kameras in die verstoke hoeke van die siele loer nie.

Die L.U.K.s: Hulle sien dit as 'n geleentheid om Suid-Afrika aan die

buiteland te verkoop ~~aan~~ die hand van internasionale samewerking, inisiatief en behoorlike organisasiewerk. Genoeg vir hulle om hulde te bring waar hulde toekom. Die projekgangere neem intrek in die hotel, word deur verskeie persone toegesprek oor die onderneming en geesdrif loop hoog. Daar is 'n gefuif en af en toe is daar bloedstollende gille en geringe ontploffings te hore.

Op persoonlike vlak ontaard alles gou in 'n narrespel. Elkeen in die bonte menigte leef sy eie private visioentjie uit en kommunikasie is net moontlik op die vlak van die sinne: kos, drank, geslagsomgang - normaal en afwykend. In die bediende-kwartiere koop die swart chauffeur die lyk van Gert Garries se kind vir vyftig rand onder die misverstand dat die bondeltjie dagga bevat. In die hotel self begin verdwyn die projekgangere in pere na hulle kamers om 'n nag van liefde aan te durf. Teen vroegoggend kry Gert Garries die lyk van sy kind terug uit die bak van die Lords se Caddillac en begrawe dit in die heldeakker, bedek dit met die ruikers van die projekgangere.

Die volgende dag vorder die projekplanne ~~aan~~ die hand van toesprake, terwyl die narrespel op 'n ander vlak voortduur: 'n perdedief word aangesien vir 'n oudstryder van Magersfontein, die Grieks-Kretense chauffeur-minnaar van dr. Fyella Amakia-Laird vir 'n teksskrywer, Gert Garries vir 'n gehawende boer, suster Fiskaa se naam word verander na die van Florence Nightingale, Mr. Shipmaster word in die oorlel getref deur 'n koeël vir 'n ander bedoel, gebyt deur 'n knopiesspinnekop, deur die verkeerspolisie in neerstuiwende reën aangehou toe hy na die stasie ry om die artillerie en perde vir die projek af te haal, val vas in die modder. Eers Gert Garries, toe 'n L.U.K. word deur Lady Jubilance aangesien vir 'n handelaar in onwettige diamante. 'n Absurde moord vind plaas toe die Lady en die swart chauffeur daardie nag Gert Garries se kind opgrawe, steeds onder die indruk dat die bondeltjie onwettige ~~were~~ bevat, en Gert een van hulle met 'n graaf doodslaen en ook in die heldeakker begrawe.

Tog vorder die planne van die Lords Seldom en Sudden wat hulle geleidelik ve-eenselwig met die persone van generaal Wauchope en Lord Methuen onderskeidelik. Die toeval (of lotgeval) wil dit egter so hê dat die Noord-Weste juis geteister word deur aanhoudende en ontydige reën wat stelselmatig in wydverspreide oorstroming ontwikkel. Die projekleiers sien die gebeurlikheid aanvenklik as 'n meevaller, want die slag van Magersfontein was ook gekenmerk deur reën. Intussen sein die Departement van Waterwese ~~waarskuwings~~ kriptiese waarskuwings uit helikopters waaraan niemand hulle steur nie. Op pad na Magersfonteinkoppie en Headquarters Hill val die projekgangere se voertuie in die modder vas en word teen hoë koste deur De Beers Consolidated en 'n private karweier uitgesleep. Geleidelik word dit aanvaar dat daar 'n ramp op koms is. Tog gaan die Lords onverbete voort met hulle projek. Op Headquarters Hill - nadat Lord Seldom reeds die slagoffer van die vloed^{vloed} geword het - ~~gaan~~ Lord Sudden vrywilligers vir die stormloop na Magersfonteinkoppie. ~~Hy~~ 'n Groep bruin skoolmeisies wead na sy hoofkwartier met 'n ~~plaat~~ plastiek huldeblyk aan "Dad" - "because you are our Lord and you are English". Daarna styg hy in die historiese verspietersballon, wat hy aanvenklik obsessioneel gevrees het, vergesél deur

Gert Garries met sy fiets wat van die gereg wil wegkom. Die ballon raak uit beheer en die Lord en Gert Garries verdwyn die ruimte in - 'n vreemde hemelvaart. Op Magersfontein-koppie, nou byna die enigste eiland, ^{beveel} ~~xxx~~ Hans Winterbach insgelyks die besetting van die loopgrawe onder, terwyl Waterwese en die Lugmag met helikopters drenkelinge uit die vloed ^{op pak} ~~red.~~ Hans Winterbach ⁱⁿ ~~in~~ improviseer nou 'n vryelik, alleen op sy uitkyktoring met sy walkie-talkie. "Alhoewel hy voel dat die transponering miskien vals is, probeer hy tog sy goddêm bes om in hierdie soort lingua france-jazz sy boodskap oor te bring sodat die G.G.D. in die sewentigjare kan verstaan". Dis asof die tragikomiese van die verlede metoens vervaal voor die tragi-komiese van die hede. Aan die Griek van Kreta wat kla dat daar nog nie van sy dienste gebruik gemaak is nie sê hy: "Ek betwyfel of daar nog van jou dienste gebruik gemaak kan word, wie jy ook al mag wees. Die masjienerie is aan die gang en daar is niks wat ons nou daaraan kan doen nie."

Die vloed het begin terugtrek, die Minister. beoek die rampgebied persoonlik. ^{opgang word gemaak van lewensverlies. Die verandering is slag 6 3.} Kerrie en rys word bedien, hy spreek die versamelde toe, voeg bietjie politiek by, is verbaas toe niemand hom met geesdrif toejuig nie, behalwe wanneer daar melding is van die rol wat die lugmag gespeel het. Met vraesteltyd stel niemand 'n enkele vraag nie.

*

Kommentaar:

~~Rix~~ Ek som die storie in groter besonderhede as gebruikelik op om 'n aanduiding te gee van die verwickeldheid en esoteriese aard van die roman. Dit wil voorkom of die skrywer weer hier besig is met sy opvatting van uitgediende mites en argetipes wat magteloos is om in vandag se samelewing te besiel en te anker. In hierdie geval is dit oppervlakkig gesien die Victoriaanse mite van 'n "gentleman's war" waarin betrokke is enersyds Generaal Wauchope en sy Skotse brigades andersyds die Boeremagte wat, hoe ook al, dieselfde denkbeeld van oorlog het. Wauchope, gekondisioneer deur die dissipline van die "Victoriaanse lewensmisterie" is terselfdertyd ook gekondisioneer deur sy oud-Keltiese verlede en 'n jonger Calvinistiese verlede. Hy word dan in seker sin gesien as die dubbelganger van Generaal de la Rey. Getransponeer op Afrika se onvoorspelbare bodem sien die twee Lords dus die slag van Magersfontein as 'n studie in die absurde ironie. Die outeur egter probeer gee in hierdie ^{gestalte aan} roman 'n ironie van 'n veel dieper dimensie - 'n stel Chinese dosies met ironie, binnekant ironie, binnekant ironie. Om dit duideliker te stel: daar is die ironie van die slag van Magersfontein per se toe die dubbelgangers mekaar se dood veroorsaak op grond van 'n samevloeiing van gebeurlikhede, gebeurlikhede wat ook die toekoms in reik; daar is die ironie van 'n gentleman's war wat die model word vir latere koelbloedige en onmenslike slagting; die ironie ~~van~~ van die sogenaamd ironiese interpretasie van die twee Britse Lords - die een byna blind, die ander doof en aldus onvertrou met die realiteite waarmee hulle te make het; daar is die ironie ^{waarmee} ~~xxx~~ Hans Winterbach die projek in sy geheel deur die oë van sy kameras sien; ten laaste die ironie van magte buite die beheer van almal wat die projek na willekeur stuur, selfs onsin maak van die Dept. Waterwese se kompers en met ongelooflike

finesse seker gebeurlikhede tydens die slag van Magersfontein spottenderwys naboots.

Watter simboliese betekenis geheg kan word aan die vloedramp is moeilik om te sê: Swart nasionalisme? Kommunisme? 'n Gebaar van die Voorsienigheid? Of maar net Hieronymo gone completely mad this time?

Van el Leroux se romans is hierdie een dalk die mees geslote voorbeeld.

Een ding is seker die skrywer gaan hom nie te buite aan sake wat die Wet op Publikasies kon verbreek nie, want sy blik is globaal, miskien kosmies. Wie die roman aangekla het, moet dit dus hê, ~~xxx~~ nie teen die konstruksie in sy geheel nie, maar teen enkele boustene. Weliswaar is daar enkele vierletterwoorde, of die Afrikaanse gelykstaande, maar eltyd funksioneel en nooit ^{skuis of} opsetlik aanstootlik nie. Daar word liggies gespot met hoogwaardigheidsbekleders in die algemeen, plaeslik sowel as buitelandse, ^{maar nooit gemeenskaplike} Daar is ~~en~~ enkele verwysings na wetgewing, byv. "die kaffer in die swembad" op bld 73-74. ^{altyd in dieselfde gees.} Ter sprake kom seksuele bedrywighede normaal en afwykend, sowel as "skokkende" aangeleenthede soos moord, graf-skending, satenseenbidding ^{e.d.m.} ~~en~~ maar nooit eksplisiet nie en altyd in dieselfde objektief-spottende trant 'n bietjie soos die van 'n deernisvolle Puck.

Vir ons troos skyn dit selfs of daar aan die Afrikaners in die projek 'n minder on-heroïese rol toegesê word. Mynsinsiens - geen verbod nie.

Dele wat moontlik as aanstootlik aengesien kon gewees het:

- Art. 47: 2(a) 13, 17, 20, 22 ~~x~~, 34, 38, 41, 43, 44, 48, 65, 78, 83, 96, 98, 107
 2(b) 14, 17, 26.
 2(c) 41.
 2(d) 73, 74.
 2(e) 19.

1. Dis my mening dat hierdie satiriese werkkwarklik ontoeganklik is vir die gemiddelde leser, hom nie sal interesseer nie, dus nie gemeet kan word aan die (onwarskynlike) "average decentminded, enlightened citizen with Christian principles" wat terselfdertyd nie 'n "highly educated man" is nie. As so 'n man (mens) daartoe oorgeen om die boek te probeer lees, sal hy desnoods net toesek op die sogenaemde aanstootlikhede wat hy daarin kan vind. ~~Dis~~ So 'n optrede is m.i. hoogs onbillik teenoor hierdie werk en teenoor die letterkunde in die algemeen.
2. Dis my mening dat bogemelde werk van hoogstaende letterkundige waarde is geskryf deur 'n ernstige skrywer met uitstaende denkersvermoë. Dis 'n "duister" werk wat eers na verskeie kere se herlees sy rykdom begin afgee. Dis dus onbillik teenoor hierdie werk om dit op grond van een vlugtige deurlesing in die kader van ongewenste lektuur te plaas.
3. Dit kan selfs gesê word dat hierdie werk 'n morele strekking het, aangesien die satire 'n vorm van sosiale kritiek is en daar in hierdie werk op satiriese wyse kritiek uitgeoefen word op promiskuiteit, geslagsafwykings, die verwarde religieuse soeke van die eietydse jongmense. In seker sin is die werk 'n wanhoopskreet oor die toestand van die huidige kultuur van die Weste.
4. Bogemelde opmerkings in ag geneem, wil ek daartoe oorgeen om volledig in te gaan op die "aanstootlike" detail in die werk:
(a) Dele wat as godslasterlik beskou kan word:
Bld. 14: Die woord "Christ" kom voor in die vorm van 'n stopwoord, sonder enige godslasterlike bedoeling.
Bld. 17: "Jesus Christ !" geuiter deur die verwarde soeker na godsdienstige ervaring, Marigold Rosemary. Vir haar, dis duidelik, het die woord lank inhoud verloor, dis bloot 'n aanwendsel, iets om te sê by 'n persoon met 'n uiters beperkte woordeskat. Dis skrywer dui (Bld 38) aan dat die ~~woorde~~ ^{twee} woorde soms ook as besweringsformule by Marigold Rosemary gesien kan word en in so 'n geval kan hulle nie as godslasterlik beskou word nie, aangesien 'n Christen in die aangesig van 'n versoeking deur die duiwel ook die naam van Christus sal aanroep.
Bld. 18: "Jesus Christ" - Marigold Rosemary.
Bld. 26: Ditto.
Bld. 38: Ditto.
Bld. 43: Ditto - nog 'n voorbeeld van kompulsiewe stopwoord.
Bide 69-70. Marigold Rosemary se kantige kultus word ironies beskryf, totaal sonder goedkeuring of godslasterlike implikasie o.a. rasper sy renosterhoring oor Von Waltzleben se kaas. Die uitwerking op die leser is dat die hele gedoente absurd is. Die banale artefakte wat sy gebruik dre by tot die bevestiging van die situasie. Wanneer sy skree: "Maak my dood !" antwoord Von Waltzleben: "Get off it Rosemary !"
Bld. 78: Ditto.
Bld. 120: Goddêmit ! - Lord Sudden.
Bld. 121: For Chrissake - ekspletief gebruik.
- (b) Dele wat as vuil, aanstootlik, of pornografies beskou kan word:

Bld. 13: "Fokken" - 'n woord wat, of ons dit wil weet of nie in algemene gebruik is, veral onder werkslui. Hier geplaas in die mond van Tommy Togvader en sonder seksuele implikasie heeltemal funksioneel.

Bld. 17: Verbygaende verwysing na die manier waarop die "tepeltjies" wys deur meisie se dun bloese. Nie in verband geplaas met geslagtelike toenadering nie.

Bld. 20: "Fuck you !" - bloot ekspletief gebruik en sonder seksuele konnotasie.

Bld. 22: Onbevange en grappige verwysing na Gert Garries se seksuele verhouding met Rebekka Daisy. Lagwekkend en sonder wulpsse implikasie.

Bld. 34 : "Fokol" - funksioneel in mond van Gert Garries.

Bld. 38: Verwysing in satiriese trant na seksuele bedrywighede sand by hotel - Niks wat eksplisiet is nie en alles satiries gesien.

Bld. 41: "Fokol" - Gert Garries.

Bld. 43: Rosemary en Von Waltzleben maak liefde - weereens non-eksplisiet en ironies gesien.

Bld. 44: Satiriese verwysing na seksafwykings: wydverspreid en vreugdeloos.

Bld. 48: "Fuck you all !" - onbekende tiener se grafitti op graf.

Bld. 65: "Fuck you !" - ~~eksplis~~ ekspletief gebruik om ergerlikheid te beduie.

Bld. 82: "Kak !" Boerse gebruik van woord wat algemeen op platteland deur die fatsoenlikste mens met geleentheid gebruik word.

Bld. 83: Robuuste en humoristiese siening van E.U.K. wat hom was en ~~reuk~~ pomadeer onder die indruk dat hy damesbesoek kry, dan teleurgestel sy eie "dreed trek".

Bld. 89: Absurde seks-episode tussen Le Grange en suster Fiskael - heeltemal ontdean van wulpsheid.

Bld. 107: Rondborstige melding van suster Fiskael se gebruik van koekie seep by bidet.

Bld. 165: "Dis 'n fokop !" Waterwese se omroep in kkisistyd.

Bld. 166: "Fuck you !" - ekspletief onder druk.

Bld. 174: n "Get off the frequency fuck you !" - ekspletief onder druk.

*

Gevolgstrekking: Die sogenaemde sênstootlikhede word almal in ironiese trant gebruik, is funksioneel in die sin dat die ironie hier die instrument van satire is. Daar is nie die minste gevaar dat 'n leser hier beïnvloed kan word tot godslestering of erotiese bedrywighede nie. Die ideale leser van die riglyne moet "make some allowance for deviations and be aware that he may be wrong and allow for it."

5. Ek wil daarop wys dat daar 'n neiging is om dubbele standaarde toe te pas met die oordeel van inheemse werk vergeleke met ingevoerde publikasies. Dit rym m.i. nie met die inherente standaarde vir wat as goeie letterkunde geld nie.

6. Ek wil daarop wys dat kragwoorde e.d.m. al hoe minder word soos die boek vorder sodat hulle minimaal is in die tweede helfte van die roman.

Ann Basel

~~Nie Engewens Nie - E. S. D.~~
Leser 8

MAGERSFONTEIN, O MAGERSFONTEIN - Etienne le Roux.

1. Die tema is nie onaanvaarbaar nie. Die boek is 'n satire waarin heelwat gebruik gemaak word van ironie, parodie, allegorie, spotterny en blote gekskerdery. Dit word besef dat in 'n satire woorde en daede baiekeer op 'n oordrewe of onnatuurlike wyse gebruik word, en dat hulle dan 'n parodie van die werklikheid word. Satire is 'n erkende letterkundige vorm. Volgens my beskeie mening het dié boek literêre waarde. In 'n satire word die leser, anders as in 'n roman, dikwels opsetlik uitgetart of word hy met 'n paradoks gekontronteer wat sy denkwyse stimuleer. In hierdie boek is dit nie soseer die immoraliteit, as wel die oordrewe en die onwerklike, wat as natuurlik en normaal, bevredigend en reg voorgestel word. Een van die kenmerke van 'n volk se volwasseheid is dat hy spotterny met hoogwaardigheidsbekleërs, met die gemeenskaplike mores, en met diverse heilige koeie kan vefdra, al verwek dit soms misnoeë. Persoonlik dink ek die skrywer kon gerus minder gebruik gemaak het van die woord "fok" en sy ekwiwalente en afleidings. Nietemin beskou ek nie die woorde en beskrywings as ergerniswekkend tot so 'n mate dat dit ~~afskuwlik~~ walgluk, afskuwerwekkend of pynigend onder Art.47(2)(a) is nie. Wat mens vies maak, is nie altyd vieslik nie.

2. Die aard van potensiële onsmaklike seksuele stof in die boek word deur oordrywing onnatuurlik gemaak en daardeur versag, vgl. suster Fiskaal wat "sing soos 'n nagtegaal" as sy ook die pirotegniese vaardigheid van Le Grange ervaar" (p.71); Le Grange wat sy rewolwer aftrek toe hy die oomblik van orgasme bereik (p.89); die verwysing ~~na~~ na delwers wat vinger speel met die Noordwester (p.96. Skokwekkend maar treffend); en suster Fiskaal wat dwarsdeur die nag 'n hele koekie seep op die bidet as voorbehoedemiddel soy opgebruik het (p.107). Daar is geen uitgerekte beskrywings van die seksdaad nie, en die leser sal hom of haarself nie met die karakters identifiseer nie. Ook word nie in wellustige besonderhede ^{op} ingegaan nie.

3. Die potensiële onsmaklike woorde en beskrywings is in die geheel funksioneel. Die gebruik van die woorde 'fokop' en 'fuck you' is nie onvanpas by die karakters wat dit gebruik nie, en is ~~aanwysend~~ funksioneel. ^{Bysonderings} is die skrywer se eie siening van Magersfontein se veld - "as landbougrond was dit kak werd" (p.82) en van die Noordwester se weer waar "lae wolke en lugstrome 'n fokop van die dampkring maak". Dis raak-beskrywend genoeg om in hierdie geval hierdie growwe woorde van ~~total walgluk~~ ^{aanwysend} te red.

4. Die woord "fok" en sy afleidings word el^{ke}keer gebruik, en ek dink dis ~~miskien~~ te veel. Die gebruik daarvan is egte nie so oormatig dat dit ~~aanstootlik~~ ^{aanstootlik} vir die openbare sedes word nie. Die leser se oë word ook nie met 'n skok tot stilstand deur die woorde geruk nie. Dis dikwels weggooi-woorde sonder enige seksuele konnotasie.

5. Dit kan geargumenteer word, soos in punt no.7x van die Marathon Man uitspraak, dat die gemeenskap meer verdraagsaam is teenoor 'n werk wat dokumentêr van aard is, maar ek dink nie ~~aanwysend~~ dat dit die aard van hierdie werk is nie. Nietemin kan dit miskien geboeksteaf word dat, wat sy lewensbeskrywing van gen. Wauchope en sy beskrywings van die werklike gebeure op 10 en 11 Desember 1899 histories besonder akkuraat is. Daar is aanduidings dat die skrywer goed gebruik gemaak het van Kol. George Duxbury, Direkteur van die S.A. Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis, se boekie "Die Slag van Magersfontein" wat in Jan.1975 verskyn het (p.155).

6. Die feit dat die woorde en beskrywings in 'n boek verskyn maak dit ook meer aanvaarbaar as wanneer dit op die doek sou verskyn, of deur fotos uitgebeeld word.

7. Die karakter Marigold Rosemary se woordekat in die boek is tot die twee woorde "Jesus Christ" beperk en sy gebruik dit talle kere. Dit is juis hierdie oordrywing, wat normaalweg by haar selfs funksioneel sou wees, wat die gebruik van die woorde hier nie onder Art.47(2)(b) laat ressonteer nie. Dit sal by die meer ortodokse Christelike bevolkingsgroep misnoeë wek, maar nie walging, afsku of pyn nie.

8. Art.47(2)(c): Gert Garries praat nou wel van sekere witmense as "wit kaf-
~~XXXXX~~

"fers", maar ons ken hom as h ou d onklap en tronkvoël wat nog boonop aan minstens manslag skuldig is vanweë die dood van die swart chauffeur. Sy woorde maak g'n indruk nie (p.183). Dit geld ook vir sy uitlatings dat Magesfontein 'n slag in 'n "witmensoorlog" was en hy "fôkol daarmee te doen" wil hê (p.34) en sy siening toe hy woedend vir homself sê: "Dit het fôkol te doen met kaffers of witmense - almal is tog in elk geval tog in hulle moer". Menige lesers se reaksie sal seker wees - 'en jy ook, Gert Garries. Hier is in ieder geval nie 'n poging om die Witman of die Bantoe veragtelik te maak of om hulle teenoor mekaar te stel nie. Die uitbeelding van Gert Garries is nie dié van 'n toonaangewende lid van die Kleurlinggemeenskap nie; en ook hy word by tye simpatiek behandel.

9. Daar word heelwat met sekere owerheidsinstansies die draak gesteek. Die parodie van 'n Ministerstoespraak op p.190 is nie 'n aanstootlike gelykenis nie, en daar is nogal humor daarin. Waterwese en die Provinsiale Administrasies van Transvaal, Vrystaat en Kaapland sal miskien met die eerste oogopslag gruwelik gebelg voel oor die wyse waarop hulle uitgebeeld word, maar ek is seker dat die Afrikaner se gawe om darem ook vir homself te kan lag die deurslag sal gee. Hooggeplaastes moet dit maar aanvaar dat die hoogste takke van die boom is wat die meeste deur die wind rondgepluk word. Die Minister, die L.U.K.'s en die Senior van Waterwese is ook nie identifiseerbaar met lewende persone nie. Ook behoort hulle nie tot bevolkingsgroepe binne die betekenis van die Publikasiewet nie. Hierdie draakstekery is ook nie nadelig vir die algemene welsyn of die vrede en goeie orde onder Art. 47(2)(e) nie.

10. Ek veronderstel daar is heelwat simboliek in die verhaal wat (vir my) egter nie altyd so duidelik is nie. Miskien behoort simboliek dan ook nie uitgespel te word nie - laat die leser in die allegorie tussen Magesfontein van 1899 en 1976, tussen die kanonne van gister en die sondvloed van vandag, tussen genl. Wauchope en Lord Seldom, en in die verdyning in die bloute van Gert Garries en Lord Methen, dan maar lees wat hy wil. Simboliek verskerp egter die onwerklikheid van die verhaal, en versag enige aanstoot wat dit mag gee.

11. Ten slotte net dit. Hoewel die gemeenskapsopvatting van die Afrikaner myns insiens nie die boek verbied sou wou gesien het nie, is dit darem tydens baie weersinwekkend. Mens wonder of die grootste skade in hierdie geval nie aan die skrywer self gedoen word nie - want dit/hy wat agting en respek van talle opgevoede mense kan verbeur. Of miskien gee hy nie om nie.

Stiaan Ulah
LESER

...24:1.77
DATUM.

* Die basiese gegewe waarop Leroux se roman gebaseer is, is die verfilming, êrens in die sewentigerjare, van 'n rekonstruksie van die Slag van Magersfontein op 11 Desember 1899. Dit word , om die roman self aan te haal, "n surrealistiese samestelling van die werklikheid in terme van die verlede en hede" (155), die film wil poog "om téén die agtergrond van 'n tragi-komiese gebeurtenis van die verlede oor ons tyd deur 'n moderne kommunikasiemedium te besin" (16). Dit word gedoen in 'n idioom wat probeer om in 'n "soort lingua Franca-jazz sy boodskap oor te bring sodat die G.G.D. in die sewentigerjare kan verstaan"(148). Die resultaat is 'n grillige opeenvolging van soms bisarre, soms groteske ~~en~~ ^{en} vulgêre episodes, met hede en verlede altyd in 'n soort kontrapuntale verhouding en die geheel, merkwaardig, steeds betoel deur die fantsieryke satiriese greep wat iets van die hallusinatoriese het van 'n doek van Jeroen Bosch. En ook snaaks, dikwels baie snaaks en 'n steeds volgehoue satiriese steekspel wat teen die einde ontstellende profeties-simboliese dimensies aanneem. Die tragi-komiesenaarrespel word al hoe onmiskenbaarder bittere erns met die "boodskap" feitlik uitgespel in die epiloog.

Ná al hierdie (soms groot) woorde is dit hopelik duidelik dat ons dit hier met ernstige en belangrike literatuur te make het, ook betrokke literatuur. Maar dan nje betrokke op die skreeuerig-histeriese wyse van pamfletlektuur nie. Die historiese verdieping gee al klaar 'n veel dieper, ryker en veral suggestiewer resonansruimte as die net maar eietydse kan vermag. Bowendien het die volgehoue satiriese aanslag 'n sekere ingeboude "beskerming", is dit as 't ware pas of 'n paspoort wat die skrywer, soos reeds die Griekse komedieskrywer van ouds, veel vryheid van spraak veroorloof. Want alles is byvoorbaat geperspektiveer, van onmiddellikheid "gespeen" deur wat al die "double vision" van die satirikus genoem is: die satiriese beeld is tegelyk "skematieser" en skerper, direkter. Sodat dit byvoorbeeld bykans onmoontlik is om 'n satiriese hantering van die seksuele swoel en prikkelend te maak. Om onmiddellik 'n voorbeeld te gee. Die enigste geval in die roman waar daar eksplisiet sprake is van coitus, is dié waar die speed-cop Le Grange en die robuuste suster Fiskaal-Nagtegaal "liefde maak". Die ~~nie~~ episode verloop soos volg: "Maar waar is suster Fiskaal? Natuurlik in die arms van Le Grange die speed cop wat liefde maak terwyl sy ontsaglike groot rewolwer by sy dybeen oorgehaal lê. Toe hulle 'n orgasme bereik, trek Le Grange ekstasies die sneller van die kleingeweer en in die donderslag sterf suster Fiskaal fetisjisties in coitus. Maar die koeël glip deur die dun muur en wond mr. Shipmaster, logistikus, liggies aan sy oor in die kamer langsaan tot die groot genot van Rosemary wat toekyk hoe hy verskriklik bloei." (89)

In die voorafgaande paragrafe het ek eintlik al vooruitgeloop op die wyse waarop, volgens my, die probleemgevalle (d.w.s. moontlike probleme in terme van die Wet) beoordeel moet word: daar is die volgehoue "satiriese afstand" wat aan potensieel delikate of aanstootlike gegewens 'n afgetrokkenheid, 'n on-persoonlikheid en selfs "beskouligheid" gee wat hulle hulle byt ontnem. En wat hulle natuurlik snaaks laat voorkom. En as daar een ding is wat die sensuele angel uit bv. seks haal, dan is dit tog seker om dit in 'n selfs maar ligweg potsierlike of absurde konteks te plaas.

In ieder geval: daar is in die ganse roman origens alleen maar verwysings na seks en geen eksplisiete of uitvoerige beskrywings nie. Op 43 word van Marigold Rosemary (in die geselskap van Von Waltzleben) vertel: "Sy ontvang seks en bereik 'n orgasme wat haar nogtans onbevredig laat". En dis ongeveer so ver as wat die beskrywing van seksuele verkeer in hierdie roman gevoer word, ten spyte van die veel-belowende aanwesigheid van skoonheidskoninginne en aktrises in die entourage van die eksentrieke filmmakers, Lord Sudden en Lord Seldom. En ten spyte van die aanwesigheid van die Griekse chauffeur-minnaar van die geleerde dr. Amakala Laird. Trouens, hy word met die oog op 'n moontlike funksie as seksheld deur die skrywer doeltreffend "ontman" juis daar waar hy sy essensiële toerusting in die spieël staan en bewonder: "Hy kyk na sy geslagsorgane en vind hulle wel klein, maar hy troos hom daaraan dat dit met al daardie standbeelde van die gode in die argeologiese museum in Athene klop." (68). En die enigste geval van masturbasie in die boek is, met alle respek vir die hoë amp van die betrokke, ook maar hoogstens potsierlik en ietwat pateties en eweneens baie kort en op die man af geformuleer: "Die L.U.K. het sy draad gedurende die donderstorm getrek." Ek glo nie die onmiddellik daaropvolgende sin ("Die donderstorm is gevolg deur sagte reën.") is meer deel van die beskrywing nie. ^{Weereens} ~~antwoord~~ ^{deur} die "Snaakse" in die ^{Snaakse} ~~antwoord~~ ^{aan} die potensieel aanstootlikheid. Die "draadtrek" episodetjie bied die geleentheid om kortlike die taalgebruik in hierdie roman te beskou. ~~Waarom het Leroux nie hier liever die "deftiger" masturbeer gebruik nie? Heel waarskynlik omdat dit ongetwyfeld snaakser is om die heggeplaaaste hom soos Jan en Alleman in die taal van alledag te laat vergryp aan homself.~~ [Origens is daar in die roman, as ek reg tel (ver uit sal ek ^{seker} ~~nie~~ nie wees nie) 'n enkele "fuck" (98), een "fokken" (13), ~~en~~ ^{en} ("fokol" (41) en, altans in soverre dit die taal aanbetref, een "fokop" (165).] En dan nog die volgende passasie, waar die gedagtes en handeling van die half-besope bruinman, Gert Garries beskryf word: "Gert Garries skop met sy een voet teen 'n grondwal en kyk die stoet agterna, en dan kyk hy na sy pas gestorwe baba op die bagasierak van sy fiets... Hy drink 'n stewige dop wyn terwyl hy na die kruise op die koppie van Magersfontein kyk en na 'n paar minute vind hy 'n oplossing vir sy

* (By 'n herbes het ek meer aangestreef, maar laat dit by hierdie aanvanklik foutiewe telling omdat dit m.i. dui op die onskuldigheid van die gebruik)

probleem. Gert Garries wat op veertigjarige ouderdom na 'n wulpse ouman lyk, moeg maar trots op die vele vroue wat geswig het voor sy formidabele voël. Hy haal sy seksorgaan deur 'n skeur in sy broek uit en pis op hierdie geskiedkundige grond terwyl hy wonder of Rebekka Daisy hom nie bedonder het nie. Rebekka wat met haar stert wikkel terwyl sy naai. Nog 'n dop vir liefde en dood en die hele lewe word vir Gert Garries nie meer so 'n ontsaglike probleem nie." (22) 'n Alles-behalwe verheffende oomblik en grotendeels as sodanig te kenne gegee deur die platvloerse taal wat hier by wyse van uitsondering - dit gebeur het hierdie enkele keer - deur die skrywer noodsaaklik ^{=as} gega word. Die taal is m.a.w. hier funksioneel en duidelik nie deel van 'n volgehoue opset of skoktegniek nie.

Daar is ten slotte nog, wat die taal betref, die geval Marigold Rosemary. ~~... in die roman aan ons voorgestel (17): "dis moeilik om te besluit of sy gedurig onder die invloed van drank of van hasjis is" en haar bydrae tot 'n gesprek is "besonder beperk", naamlik tot "Jesus Crist", 'n enkele keer op sy Afrikaans "Jesus Christus". Die naam van God word origins nie vryelik rondgestrooi nie en kom slegs 'n enkele keer oor iemand anders as Marigold Rosemary, m.a. Trouens, die meganiese wyse waarop sy die woorde "Jesus Christ" herhaaldelik gebruik, word op 38 as 't ware getipeer: "Jesus Christ" is die besweringsnaam as sy voel dat sy op L.S.D. hel toe gly." Omdat eintlik net sy dit gebruik, en dan as stopwoord, kan daar geen sprake wees van oormatige gebruik deur die verteller of deur die karakters van die roman nie. Dit is in elk geval beslis nie godslasterlik nie. Immers, volgens die Appèlraad is godslasterlik die strekking om die goddelike wese te minag of te bespot of neer te haal, wat hier duidelik nie die geval is nie.~~

Die roman skep m.i. geen probleme t.o.v. sub-artikels (c), (d) en (e) van art. 47 (2) nie. Daar is wel sydelingse verwysings na die rassesituasie (vgl. 183), en daar is duidelik ironisering in die feit dat die bruinman Gert Garries deur die filmmense aangesien word vir 'n gehawende boer. Maar dis al. Dat die satire eindig met 'n nogal troostelose simboliek, naamlik 'n soort sondvloed gevolg deur die vergeefse opwekkingstoespraak van die Minister wat met "stilte en geen toejuiging" ontvang word deur die versamelde menigte, is 'n slot wat ~~dan~~ met die verloop van sake in hierdie baie belangrike roman al hoe onafwendbaarder word.

J. K. Sels

26. 1. 77.